1.2.2 Die sake wat genoem is as belangrike waardes is die volgende: bereidwilligheid; om 'n wetsgehoorsame burger te wees; doelgerigte opleiding, nakoming.

### **1.3 Die rol van die Griekwa-leerder as beroepsbeoefenaar**

1.3.1 Die groep is van mening dat die Griekwa-leerder toegerus moet word met kennis van plaasarbeid. Hulle moet goeie opleiding kry; die onderwys en opleiding moet aanpasbaar wees by die onderwysbehoefes van die Griekwas. Wetenskap, tegnologie en rekenaars moet beklemtoon word.

1.3.2 Waardes wat genoem is, is onder meer die volgende: behoeftebepaling en -bevrediging; rekenaarvaardigheid; doelgerigte en planmatige vordering.

### **1.4 Die rol van die Griekwa-leerder as lid van 'n geloofsgroepering**

1.4.1 Die Griekwa-kind moet opgelei word om sy geloof te beoefen en kerkgeleenthede by te woon. Die Griekwas as Christelike gemeenskap moet toegerus word met Bybelkennis en geloofsopleiding. Hulle moet uitreik na andere. Hulle moet opgelei word om selfstandig leiding te gee. Hulle moet betrokke raak en aktief by die kerk wees.

1.4.2 In hul daaglikse aktiwiteite moet die Griekwas die besondere behoeftes van die meerderheid in ag neem. Ander waardes sluit in aspekte soos dienslewering; betrokkenheid; bediening; nakoming; uitreiking.

### **1.5 Die rol van die Griekwa-leerder as lid van verskillende verenigings en belangegroepe in die gemeenskap**

1.5.1 Griekwa-leerders moet opgelei word om die natuur te respekteer, te bewaar en te waardeer. Griekwa-vroue moet aktief wees in verenigings soos huisvrouklubs. Ten alle tye moet sy aktief wees en 'n gesonde en verantwoordelike lid van die gemeenskap wees.

1.5.2 Ontwikkeling van potensiaal; verkryging van betrokkenheid; samewerking; tradisionale waardes; om 'n ondersteunende rol te speel en bydraelewering is 'n paar sake wat deur die groep genoem is as belangrike waardes.

## **1.6 Die rol van die Griekwa-leerder as vryetydsbesteder**

1.6.1 Die Griekwa-leerder moet leer om jeugleierskonferensies by te woon. Hy moet deelneem aan verskillende sportuitstappies en die gemeenskapslewe; en boeke en verskillende tydskrifte lees.

1.6.2 Die waardes wat genoem is deur die lede sluit die volgende in: beoefening van kultuurgewoontes; bewustheid van die omgewing; en om nuttig te wees. Die ontwikkeling van vermaaklikheidsplekke en ontspanningsgeriewe is hier belangrik.

## **1.7 Die rol van die Griekwa-leerder as self-aktualiserende individu**

1.7.1 Die Griekwa-leerder moet toegerus word om sy potensiaal te ontdek en te ontwikkel. Hy moet opgelei word om in homself te glo. Hy moet leer om doelgerig en visiegerig te wees. Hy moet planmatig en doeltreffend wees en selfbeheersing hê. Hy moet leer hoe om konflik te hanteer.

1.7.2 Die waardes is soos volg genoem: aanmoediging; positiewe deugde soos deelname, selfverwesenliking en samewerking; en om in vennootskap met andere saam te werk.

## **2 DIE ROL VAN DIE ONDERWYSINRIGTINGS**

### **2.1 Die onderwysinrigting is die samekoms van onderriggewers en leerders**

Die onderriggewers met vakkundige kennis besit. Hulle moet bereid wees om die gemeenskap te koördineer en te ontwikkel sodat hulle produktief in die samelewing kan wees. Hulle moet leiereienskappe besit en moes onderwysopleiding voltooi het sodat die onderrig nie van 'n laer standaard is nie.

### **2.2 Doeltreffende onderwys is afhanklik van relevante kurrikula en sillabusse**

Die inhoud moet deur middel van die Khoi-taal gegee word, veral in die elementêre klasse sodat die Griekwa-leerder volledig kan deelneem. Die inhoud moet ook die volgende kenmerke besit vir die Griekwa-leerder: deursigtigheid; 'n ondersteunde rol speel en wedersydse respek toon; selfwerkzaamheid en selfstandigheid bevorder.

### **2.3 Die onderwys word deur middel van 'n taal voorsien**

Die meeste van die lede van die groep voel dat die inheemse taal aangeleer moet word asook Afrikaans sodat die leerders die inhoud kan verstaan en behulpsaam teenoor mekaar kan wees. Daar is lede van die groep wat voel dat die onderwys veeltalig moet wees om hulle te help om vryelik gesprek te kan voer en kommunikeer.

### **2.3. Doeltreffende onderwys benodig geskikte onderwysgeriewe**

Om die potensiaal van die Griekwa-leerder te verbeter, moet onderwysgeriewe van 'n hoë standaard wees soos dié van staatskole.

### **2.4 Doeltreffende onderwys is afhanklik van doeltreffende onderwysbestuur en -administrasie**

Die gevoel is dat die Griekwa-gemeenskap moet deelneem aan die bestuur van onderwysinrigtings. Dit sal help om verantwoordelikheid te vestig, selfonderhoudend te wees, beheer doeltreffend toe te pas en gesonde gemeenskapsontwikkeling daar te stel. In die geval van dissipline voel lede van die groep dat dit streng en ferm moet wees. Die volgende aspekte moet beklemtoon word by Griekwa-leerders: betroubaarheid; samewerking; gehoorsaamheid en doelgerigtheid.

## **3 ONDERWYSVOORSIENING AAN MINDERHEIDSGROEPE IN SUID-AFRIKA**

Soos in die vorige fokusgroep, stem party van die groeplede saam dat hulle as minderheidsgroep beskou moet word, terwyl ander nie saamstem nie. Dieselfde redes word gegee: taal, kultuur en etnisiteit vir die wat saamstem en rasseklassifikasie vir die wat nie saamstem nie.

# **FOKUSGROEP 3**

## **ONDERWYSBEHOEFTE VAN DIE GRIEKWA-GEMEENSKAP**

Verteenwoordigers van die volwassene-groep

Datum: 19 November 1999

Plek: Douglas

Vergaderplek: Douglas-saal

Aantal groeplede: 14

Geslag: Mans: 5

Vroue:9

Tyd: 15:30

### **1 DIE FOKUS VAN DIE ONDERWYS**

#### **1.1 Die rol van die leerder as lid van 'n familie in die Griekwa-gemeenskap**

1.1.1 Die groep voel dat die seun as toekomstige vader toegerus moet word met onderwysopleiding om toekomstige vaders en moeders te leer. Die seun moet ook leer om werkzaam en selfonderhoudend te wees. Die dogter as toekomstige moeder moet behulpsaam en gevestig wees. Die leerders as kinders moet deur die onderwys toegerus word om bystand tuis te gee en bedagsaam te wees.

1.1.2 Die waardes wat genoem is deur die groep is die volgende: dissipline, opvoeding vir die leerders as kinders; getrouheid en doelgerigheid.

#### **1.2 Die rol van die leerder uit die Griekwa-gemeenskap as staatsburger**

1.2.1 Die Griekwa-leerder moet deur die onderwys toegerus word om kennis van kommunikasie te besit om hom/haar te bemagtig om met almal te skakel. Die leerders moet ook opgelei word met kennis van leierskap sodat hulle doeltreffend aan gemeenskapsake kan deelneem.

1.2.2 Die waardes wat genoem is, sluit die volgende in: opleiding in alle aspekte van die lewe, veral hardwerkenheid en doelgerigheid.

### **1.3 Die rol van die Griekwa-leerder as beroepsbeoefenaar**

1.3.1 Die groep voel dat die onderwys die Griekwa-leerder met die volgende aspekte moet toerus: onderwysopleiding en aanpasbaarheid.

1.3.2 Die groep noem die volgende waardes as toepaslik: opleiding en leierskap.

### **1.4 Die rol van die Griekwa-leerder as lid van 'n geloofsgroepering**

1.4.1 Die Griekwa-leerder moet deur die onderwys met die volgende toegerus word: geloofsopleiding en betrokkenheid by kerklike gemeenskappe.

1.4.2 Waardes: geloofwaardigheid; en die kind moet opgelei word in Bybelkunde.

### **1.5 Die rol van die Griekwa-leerder as lid van verskillende verenigings en belangegroepe in die gemeenskap**

1.5.1 Die groep voel dat die Griekwa-leerder deur die onderwys toegerus moet word met opleiding van praktiese toepassing om deel te neem in gemeenskaplike sake.

1.5.2 Waardes: onderwys en opleiding in gemeenskaplike sake

### **1.6 Die rol van die Griekwa-leerder as vryetydsbesteder**

1.6.1 Die onderwys moet die leerders toerus moet met betrekking tot navorsing, opleiding, en toepaslike opleiding hoe om hul vryetyd doeltreffend te kan gebruik.

1.6.2 Waardes: benutting; opleiding moet van toepassing wees.

### **1.7 Die rol van die Griekwa-leerder as self-aktualiserende individu**

1.7.1 Die groep voel dat die onderwys Griekwa-leerders moet toerus met kennis van hulself. Die leerders moet ook doelgerig wees.

1.7.2 Die waardes wat genoem is, sluit in aspekte soos aanmoediging, om in homself/haarself te glo; en selfstandigheid.

## **2 DIE ROL VAN ONDERWYSINRIGTINGS**

### **2.1 Die onderwysinrigting is die samekoms van onderriggewers en leerders**

Die onderriggewers met die volgende aspekte besit om doeltreffend met die leerders saam te werk: doelgerigheid; behulpsaamheid; en betrokkenheid. Die doel is om leerders betrokke te maak in die leersituasie.

### **2.2 Doeltreffende onderwys is afhanklik van relevante kurrikula en sillabusse**

Die groep voel dat kurrikula en sillabusse verstaanbaar vir die leerders moet wees. Dit moet van toepassing wees asook doeltreffend. Die leerders moet die eienskap van leergierigheid besit. Die rede is dat die leerders die sillabusse en kurrikula as hulle s'n sal beskou.

### **2.3 Die onderwys word deur middel van 'n taal voorsien**

Die groep voel dat veeltaligheid teenwoordig moet wees in die onderwys. Die rede is om leerders te verstaan en in hulle taal behulpsaam te wees.

### **2.4 Doeltreffende onderwys benodig geskikte onderwysgeriewe**

Geboue van goeie standaard moet beskikbaar wees sodat gereelde skakeling kan plaasvind.

### **2.5 Doeltreffende onderwys is afhanklik van doeltreffende onderwysbestuur en –administrasie**

Om gereelde skakeling met mekaar moontlik te maak, moet daar doeltreffende bestuur en administrasie te wees. Die dissipline moet streng maar regverdig wees. Die rede is om die beheer van die skool doeltreffend toe te pas.

### **3 ONDERWYSVOORSIENING AAN MINDERHEIDSGROEPE IN SUID- AFRIKA**

Die groep is van mening dat die Griekwas 'n minderheidsgroep in Suid-Afrika is maar 'n meerderheidsgroep in Griekwaland-Wes is. Hulle kan in dié gebied aanspraak maak op eie onderwys.

# **FOKUSGROEP 4**

## **ONDERWYSBEHOEFTE VAN DIE GRIEKWA-GEMEENSKAP**

Verteenwoordigers van Griekwa-jeug

Datum: 19 November 1999

Plek: Douglas

Vergaderplek: Douglas-saal

Aantal groeplede: 17

Geslag: Mans: 6

Vroue:11

### **1 DIE FOKUS VAN DIE ONDERWYS**

#### **1.1 Die rol van die leerder as lid van 'n famielie in die Griekwa-gemeenskap**

1.1.1 Die groep voel die seun as toekomstige vader moet deur die onderwys toegerus word om sy familie te versorg. Die dogter as moeder moet toegerus word om geleerd te wees, om na die huislike pligte om te sien, om die moederrol te vervul en om kinders voort te bring. Die leerders as kinders moet skoolgaan en leer; hulle moet gehoorsaam en diensbaar wees en mense respekteer.

1.1.2 Die sake wat genoem is, sluit die volgende in: getrouheid, pligsbesef; hofflikheid, eerlikheid, respek, verantwoordelikheid, en volkstrots. Die waardes van die familie moet voortgedra word volgens hul tradisionale standaarde.

#### **1.2 Die rol van die leerders uit die Griekwa-gemeenskap as staatsburger**

1.2.1 Die onderwys moet die Griekwa-leerder bemagtig om 'n trotse Griekwa te wees; hulle moet opvoeding oor hul land en eie geskiedenis ontvang; asook die Grondwet, werk en inheemse Suid-Afrikaners.

1.2.2 Waardes: trots en liefde vir land en volk; leierskaponderrig; bestuurstegnieke; staatkundige en grondwetlike onderrig; politieke aangeleenthede; menseregte; kommunikasie.

### **1.3 Die rol van die Griekwa-leerder as beroepsbeoefenaar**

- 1.3.1 Die onderwys moet die Griekwa-leerder toerus met kennis van wetenskap en tegnologie, rekenaars, handelsrigtings asook akademies.
- 1.3.2 Die waardes wat genoem is, sluit die volgende in: produktiwiteit; hardwerkendheid; doelgerigtheid; 'n wil om te leer; belangstelling; voorligting.

### **1.4 Die rol van die Griekwa-leerder as lid van 'n geloofsgroepering**

- 1.4.1 Lede van die groep voel die onderwys moet die Griekwa-leerder toerus met kennis van Godsdienste en die wil om te leer. Die leerder moet produktief wees; geloof beoefen; respek toon en betrokke wees.
- 1.4.2 Die waardes wat beklemtoon is, is die volgende: beoefening van geloofsoortuiging; Godsdienstone onderrig; noodsaaklikheid om dit uit te leef en te beoefen.

### **1.5 Die rol van die Griekwa-leerder as lid van verskillende verenigings en belangegroepes in die gemeenskap**

- 1.5.1 Die groep is van mening dat die Griekwa-leerder deur die onderwys toegerus moet word met kennis van hoe om betrokke te wees en belang te stel in hul gemeenskap, hoe om die natuur te bewaar, primêre gesondheid, HIV-onderrig.
- 1.5.2 Waardes: betrokkenheid; verantwoordelikheid; behulpsaamheid; hardwerkendheid; en doelgerigtheid. Werkwinkels, uitstappies en projekte moet geloods word. Gemeenskapswaardes en normes moet geleer word.

### **1.6 Die rol van die Griekwa-leerder as vryetydsbesteder**

- 1.6.1 Die groeplede voel dat sport en ontspanning en die beoefening daarvan geleer en afgerig moet word. Inheemse sport moet onderrig, afgerig en ontwikkel word.
- 1.6.2 Die waardes wat genoem is, is die volgende: Daar moet ruimte gemaak word vir kultuurbedrywighede; betrokkenheid; beoefening van inheemse sport; deelname aan ontspanningsprojekte.

## **1.7 Die rol van die Griekwa-leerder as self-aktualiserende individu**

1.7.1 Die onderwys moet Griekwa-leerders toerus met die kennis om hul vermoëns te ontdek en potensiaal te ontwikkel, 'n hoë peil te handhaaf en doelwitte te bereik; hard te werk en te leer; die wil te hê om sy kennis te verbreed.

1.7.2 Die waardes wat beklemtoon is, is dat daar gekyk moet word na die individu se behoeftes en vermoëns, want elkeen is uniek; die vermoë om te presteer; om iets te word in die lewe; hard te werk.

## **2 DIE ROL VAN ONDERWYSINRIGTINGS**

### **2.1 Die onderwysinrigting is die samekoms van onderriggewers en leerders**

Die onderriggewers moet goed opgelei word; hulle moet geleerd wees. Werkwinkels en inligtingsessies moet gehou word. Kommunikasie tussen die onderriggewers moet goed wees. Die redes is dat die leerders en die onderriggewers mekaar moet verstaan; hulle moet begrip hê vir mekaar. Dit sal help om goeie en gehalte-werk te lewer. Dit moet in ag geneem word dat onopgeleide werkers altyd probleme veroorsaak.

### **2.2 Doeltreffende onderwys is afhanklik van relevante kurrikula en sillabusse**

Die groep is van mening dat kurrikula en sillabusse aan internasionale en nasionale vereistes moet voldoen; standarde moet soortgelyk wees aan die van ander teiken-groepe; ekonomiese ontwikkeling moet geïnkorporeer word. Ander aspekte waaraan aandag gegee moet word, is bestuursonderrig, munisipale funksies en beskikbare hulpbronne. Die redes is onder meer dat gehalte-onderrig en produkte gelewer moet word. Die leerders moet in die toekoms hul gemeenskappe kan dien, want dan sal hulle die behoeftes van hul gemeenskappe verstaan.

### **2.3 Onderwys word deur middel van 'n taal voorsien**

Die taal van onderwys moet die inheemse tale insluit, naamlik Griekwa, San, Nama en die van die Korana. Ook Engels en Afrikaans; leerders moet kies. Die redes is dat die leerders trots moet wees op hul moedertaal en moet help om dit te ontwikkel. Die leerders moet ook taalbemagtig word in 'n moderne samelewing.

#### **2.4 Doeltreffende onderwys benodig geskikte onderwysgeriewe**

Die geriewe moet soortgelyk aan die van die res van die hele land wees. Die sportgeriewe moet deur die Staat ondersteun word. Daar moet meer rekenaars wees in skole. Spesiale skole moet gebou word. Die redes is dat plattelandse gemeenskappe baie afgeskeep word. Kinders verlaat die skool vroeg omdat ouers dit nie kan bekostig om hulle na staatskole te stuur vir verdere studie nie. Geriewe sal skole op die platteland in staat stel om doeltreffende onderwys te gee sodat die leerders nie afgeskeep word nie.

#### **2.5 Doeltreffende onderwys is afhanklik van doeltreffende onderwysbestuur en -administrasie**

Die Staat moet in die gemeenskap belê en vir die leerders die nodige hulpbronne daarstel. Ouers en gemeenskappe moet betrokke wees. Die Staat moet praktiese en daadwerklike materiële hulp aan die gemeenskap gee. Die dissipline moet van toepassing wees en volgens tradisionele en kulturele beleid. Die rede is om dissipline te vestig.

### **3 ONDERWYSVOORSIENING AAN MINDERHEIDSGROEPE IN SUID-AFRIKA**

Die groep voel dat die Griekwa-gemeenskap 'n minderheidsgroep is in Suid-Afrika. Die rede is die getalle van die mense in Suid-Afrika.

# **FOKUSGROEP 5**

## **ONDERWYSBEHOEFTE VAN DIE GRIEKWA-GEMEENSKAP**

Verteenwoordigers van die volwassene-groep

Datum: 24 Februarie 2000

Plek: Prieska

Vergaderplek: Prieska-saal

Aantal groeplede: 19

Geslag: Mans: 8

Vroue:11

Tyd: 11:30

### **1 DIE FOKUS VAN DIE ONDERWYS**

#### **1.1 Die rol van die leerder as lid van 'n familie in die Griekwa-gemeenskap**

Die onderwys moet die seun as toekomstige vader toerus met akademiese en tegniese kennis sodat hy 'n broodwinner kan wees en sy gesin kan onderhou. Die onderwys moet ook die dogter as toekomstige moeder toerus sodat sy die gesin kan versorg, help met ekonomiese opheffing, omsien na haar huishouding, en die kinders grootmaak. Die leerders as kinders moet geleer word om gehoorsaam te wees; opgelei word in tegniese en akademies vakke; hul ouers respekteer en diensbaar wees.

1.1.2 Die waardes wat genoem is, is die volgende: standarde en norme van familielewe; gehoorsaamheid; getrouheid; pligsbesef; verantwoordelikheid; hoflikheid, trots vir Griekwa-volk.

#### **1.2 Die rol van die leerder uit die Griekwa-gemeenskap as staatsburger**

1.2.1 Die leerder moet toegerus word met akademiese, politieke en etniese kennis. Hy/Sy moet toegerus word om getrou en gehoorsaam te wees aan landswette. Hulle moet opgelei word om trots te wees op die Griekwa-gemeenskap en ook Suid-Afrika.

1.2.2 Waardes: inheemse en tradisionale waardes; getrouheid; gehoorsaamheid; pligsbesef; leierskapvaardighede; bestuursvaardighede; lojaliteit teenoor die Staat.

### **1.3 Die rol van die Griekwa-leerder as beroepsbeoefenaar**

1.3.1 Die onderwys moet die Griekwa-leerder toerus met sport- en ontspanningsvaardighede. Die leerders moet opleiding ontvang in rekeningstudie, wetenskap en tegnologie, kuns en kultuur, bestuur, leierskap en bedryf.

1.3.2 Die waardes wat beklemtoon is, is die volgende: produktiwiteit, verantwoordelikheid en eerlikheid. Leerders en gemeenskappe moet met beroepe toegerus word.

### **1.4 Die rol van die Griekwa-leerder as lid van 'n geloofsgroepering**

1.4.1 Die onderwys moet die Griekwa-leerder oplei om respek te toon vir sy geloof en betrokke te wees by kerklike gebeurtenisse. Die leerders moet in hul geloof onderdig word. Daar moet vryheid wees ten opsigte van geloofsuitdrukking.

1.4.2 Waardes: Godsdiensoonderrig ontvang en uitoefening van geloofsoortuigings. Die onderwys moet hulle toerus met Christelike waardes.

### **1.5 Die rol van die Griekwa-leerder as lid van verskillende verenigings en belangegroepe in die gemeenskap**

1.5.1 Die leerders moet opvoeding ontvang. Hulle moet opgelei word hoe om gesond te lewe (HIV). Hulle moet geleer word hoe om die natuur te bewaar en te ontwikkel.

1.5.2 Waardes: Die leerders moet betrokke wees. Projekte moet daargestel word. Leerders moet aangemoedig word. Leerders moet hulpvaardig wees.

### **1.6 Die rol van die Griekwa-leerder as vryetydsbesteder**

1.6.1 Leerders moet geleer word wat vryetydsbesteding is en hoe om dit toe te pas. Hulle moet toegerus word met kennis van hoe om kreatief te wees; hoe om verantwoordelik te wees en hoe om sportgeesdriftig te wees. Hulle moet ook geleer word om die Griekwa-taal te beoefen.

1.6.2 Waardes: Daar moet ruimte gemaak word in die onderwys vir kultuuraangeleenthede asook die uitoefening van die Griekwa-kultuur.

## **1.7 Die rol van die Griekwa-leerder as self-aktualiserende individu**

1.7.1 Die leerder moet opgelei word om self-krities te wees; om sy potensiaal te ontdek en ontwikkel om sodoende sukses te behaal.

1.7.2 Waardes: Die individu moet tot volle potensiaal ontwikkel word.

## **2 DIE ROL VAN DIE ONDERWYSINRIGTINGS**

### **2.1 Die onderwysinrigting is die samekoms van onderriggewers en leerders**

Die onderriggewers moet van hoogstaande gehalte wees volgens internasionale vereistes. Daar moet nou en dan werkwinkels en kommunikasie tussen die leerders en die onderriggewers wees. Die redes is dat daar beter begrip en samewerking tussen die betrokkenes sal wees en hulle eienaarskap van die onderwys sal aanvaar.

### **2.2 Doeltreffende onderwys is afhanklik van relevante kurrikula en sillabusse**

Kurrikula en sillabusse moet van hoë standaard wees vir gehalte-onderwys. Bestuursvaardigheid en ekonomiese vaardighede moet ontwikkel word. Die kurrikula en sillabusse moet voldoen aan die behoeftes van die Griekwa-volk. Entrepreneurskap moet ontwikkel word en ongeletterdheid uitgewis word. Die leerders sal dan hul eie gemeenskap kan dien en ook deel voel van die onderwys.

### **2.3 Die onderwys word deur middel van 'n taal voorsien**

Die taal van die Griekwa - die tradisionele taal - moet gebruik word in die onderwys. Engels en Afrikaans kan ook gebruik word; die leerder moet kies tussen die twee as 'n tweede taal. Die taal van die Griekwa sal die eienskap van die onderwys verhoog. Die leerder gaan baie trots wees op hulle taal en dit sal ontwikkel.

#### **2.4 Doeltreffende onderwys benodig geskikte onderwysgeriewe**

Die skole moet alle toerusting hê soos onderwysmedia en geboustrukture. Spesiale skole vir onderpresteerders, beter sportgeriewe, dienssentrums (naaldwerk, houtwerk) moet gebou word. Onderpresteerders verlaat skool vroeg as gevolg van mislukking - geen heenkome nie. Die afwesigheid van geriewe in plattelandse gebiede veroorsaak dat die leerders nie die geleentheid kry om hul potensiaal ten volle te ontwikkel nie. Die geriewe verhoog die kwaliteit van die onderwys.

#### **2.5 Doeltreffende onderwys is afhanklik van doeltreffende onderwysbestuur en –administrasie**

Alle rolspelers moet eienaarskap van die onderwys besit deurdat almal betrokke is. Ouers en die gemeenskap moet aangemoedig word om betrokke te raak. Die Staat moet die gemeenskap finansiële ondersteun. Dissipline moet wees soos deur die tradisionele owerhede en gemeenskappe bepaal. Sonder dissipline kan goeie leer nie plaasvind nie. Met dissipline sal orde gehandhaaf word.

### **3 ONDERWYSVOORSIENING AAN MINDERHEIDSGROEPE IN SUID-AFRIKA**

Die groep voel dat die Griekwas 'n minderheidsgroep is vanweë van die fisiese getalle.

# **FOKUSGROEP 6**

## **ONDERWYSBEHOEFTE VAN DIE GRIEKWA-GEMEENSKAP**

Verteenwoordigers van die Griekwa-jeug

Datum: 24 Februarie 2000

Plek: Prieska

Vergaderplek: Prieska-saal

Aantal groeplede: 16

Geslag: Mans: 4

Vroue: 12

Tyd: 13:30

### **1 DIE FOKUS VAN DIE ONDERWYS**

#### **1.1 Die rol van die leerder as lid van 'n familie in die Griekwa-gemeenskap**

1.1.1 Die onderwys moet die leerders as môre se vaders toerus met kennis van hoe om die familie te versorg; hoe om die gesin te onderhou en opvoeding te kry. Die onderwys moet die dogter as toekomstige moeder toerus om die huishouding waar te neem; om 'n goeie huisvrou te wees en vir die kinders te sorg. Die leerders as kinders moet geleer word om ouers te respekteer en diensbaar te wees. Hulle moet geleer word om gehoorsaam te wees en moet skoolgaan om hulle in verskeie rigtings te bekwaam.

1.1.2 Waardes: Die waardes en norme van die gesin en die belangrikheid van gesinne; getrouheid; pligsbesef; hoflikheid en vriendelikheid; diensbaarheid; eerlikheid; respek; gehoorsaamheid; onderdanigheid.

#### **1.2 Die rol van die leerder uit die Griekwa-gemeenskap as staatsburger**

1.2.1 Die leerder moet opgelei word om 'n trotse Griekwa te word. Hy/Sy moet geleer word om getrou te wees aan landswette; en eerbaar en hardwerkend te wees. Leerders moet ander mense respekteer. Hulle moet kennis ten opsigte van vakarbeid besit. Hulle moet kennis van mensregte as eerste inwoners van Suid-Afrika besit. Hulle moet die Grondwet van die land leer ken.

1.2.2 Waardes: Die leerder moet die grondwetlike waardes as staatsburger ken; die waardes van burgerskap as eerste inheemse burgers en landgenote ken; moet hul herkoms ken en volkskonferensies bywoon; diensbaar, getrou en geloofwaardig wees; en trots en liefde vir die land en volk besit. Die Griekwa-kind moet leierskap-onderrig kry; asook kennis van bestuurstechnieke en staatkunde; verantwoordelikheid.

### **1.3 Die rol van die Griekwa-leerder as beroepsbeoefenaar**

1.3.1 Die Griekwa-kind moet opleiding ontvang in rekenaarstudie en wetenskaplike opvoeding en tegnologie. Die kind moet bemaatig word om hulpvaardig, pligsgetrou en gehoorsaam te wees.

1.3.2 Die waardes wat beklemtoon is, is die volgende: belangrikheid van moderne studie d.w.s tegnologie, wetenskap en rekenaars. Die leerder moet produktief wees en die wil hê om te leer. Die kind moet diensbaar wees.

### **1.4 Die rol van die Griekwa-leerder as lid van 'n geloofsgroepering**

1.4.1 Die Griekwa-leerder moet opgelei word om respek te toon vir sy geloof en betrokke wees. Hulle moet opgelei word om bidure by te woon. Die onderwys moet die leerders bemaatig om deel te neem aan Godsdiensoonderrig, geloofwaardig te wees, respek te betoon en beoefen.

1.4.2 Waardes: beoefening van Godsdien; die noodsaaklikheid van geloof en die onderrig en beoefening daarvan.

### **1.5 Die rol van die Griekwa-leerder as lid van verskillende verenigings en belangegroepe in die gemeenskap**

1.5.1 Gesondheidsonderrig is belangrik, veral siektes soos HIV. Die leerder moet geleer word om die natuur te bewaar en te ontwikkel. Die kind moet geleer word om betrokke te raak in gemeenskapsake, om behulpsaam te wees, om gemeenskapsprojekte te ontwikkel.

1.5.2 Die waarde wat genoem is, sluit die volgende in: betrokkenheid en gemeenskap-sontwikkeling; leerders moet hul plek in die samelewing ken en uitleef; respek vir tradisionele leiers toon. Leerders moet aangemoedig word om projekte te doen.

## **1.6 Die rol van die Griekwa-leerder as vryetydsbesteder**

1.6.1 Die Griekwa-kind moet aangemoedig word in die beoefening van die Griekwa-kultuur. Hulle moet opgelei word om deel te neem aan sportaktiwiteite, speletjies, stokperdjies, bidure, volksdae. Hulle moet opvoeding en afrigting in sport en ontspanning kry.

1.6.2 Die waardes sluit die volgende in: die belangrikheid van sport en ontspanning. Daar moet plek gemaak word in die onderwys vir die uitlewing van die Griekwa-kultuur.

## **1.7 Die rol van die Griekwa-leerder as self-aktualiserende individu**

1.7.1 Die onderwys moet die Griekwa-leerder akademies toerus om hul vermoëns te verhoog. Leerders moet toegelaat word om hul eie potensiaal te ontdek, daarin te verbeter en sodoende sukses te kan behaal. Hulle moet opgelei word om hulpvaardig te wees en die wil hê om te presteer. Die leerder moet ook opgelei word om dié doelwitte te bereik.

1.7.2 Waardes: doelgerigtheid en produktiwiteit; sukses in die lewe te bereik; die wil om te presteer, ideale te bereik en in wetenskap en tegnologie kwalifiseer.

## **2 DIE ROL VAN ONDERWYSINRIGTINGS**

### **2.1 Die onderwysinrigting is die samekoms van onderriggewers en leerders**

Die onderriggewers moet geleerd wees en opleiding ontvang vir aanbieding van vakke en om met leerders te werk. Hoe meer en beter die onderwyser opgelei is, hoe beter sal hy gehalte-produkte oplewer. Werkwinkels, werksessies en inligtingsessies moet nou en dan gehou word. Die leerders moet respek hê en gehoorsaam wees. As dit so is, dan kan kennis en vaardighede aan kinders oorge-dra word. Daar moet samewerking tussen die betrokkenes wees; hulle moet mekaar verstaan en beter begryp.

## **2.2 Doeltreffende onderwys is afhanklik van relevante kurrikula en sillabusse**

Die kurrikula en sillabusse moet die kenmerke van internasionale en nasionale standarde besit. Daar moet voorsiening gemaak word vir die verskillende kultuurgroepe. Die leerders moet ook ekonomiese en bestuursonderrig ontvang. Daar moet gekyk word na hulpbronne wat beskikbaar is om sodoende ekonomiese ontwikkeling en bestuursvermoë te bevorder. Al dié dinge is vir gehalte-onderwys.

## **2.3 Onderwys word deur middel van 'n taal voorsien**

Die taal van die onderwys moet die Griekwa-taal wees, en dan Afrikaans en Engels. Leerders moet hul eie keuse maak. Die Griekwa-taal veral moet die onderwys-taal wees want dit was onderdruk vir baie jare. Trots sal weer in Griekwaland ontstaan.

## **2.4 Doeltreffende onderwys benodig geskikte onderwysgeriewe**

Die groep voel daar moet beter sportgeriewe, spesiale skole vir onderpresteerders en rekenaars in alle skole wees. In plattelandse gebiede waar geriewe baie skaars is, kry leerders nie die geleentheid om hul potensiaal ten volle te ontwikkel nie.

## **2.5 Doeltreffende onderwys is afhanklik van doeltreffende onderwysbestuur en –administrasie**

Die groep voel dat die Staat moet bydra; diens implementeer en finansiële hulp bied waar nodig. Die ouers en gemeenskap moet aangemoedig word om betrokke te raak. Daar moet teregwysing wees en dissipline om dit te vestig.

## **3 ONDERWYSVOORSIENING AAN MINDERHEIDSGROEPE IN SUID-AFRIKA**

Die groep voel dat die Griekwa-gemeenskap 'n minderheidsgroep is, maar 'n meerderheidsgroep in Griekwaland-Wes.

# **FOKUSGROEP 7**

## **ONDERWYSBEHOEFTE VAN DIE GRIEKWA-GEMEENSKAP**

Verteenwoordigers van die volwassene-groep

Datum: 21 Maart 2000

Plek: Daniëlskuil

Vergaderplek: Daniëlskuil-saal

Aantal groeplede: 10

Geslag: Mans: 3

Vroue: 7

Tyd: 13:30

### **1 DIE FOKUS VAN DIE ONDERWYS**

#### **1.1 Die rol van die leerder as lid van 'n familie in die Griekwa-gemeenskap**

1.1.1 Die onderwys moet die Griekwa-leerder toerus hoe om die gesin te lei; hoe om werksaam te wees; hoe om die familie bymekaar te hou. Dit moet die dogter as toekomstige moeder leer hoe om die kinders te versorg en te onderrig; hoe om onderdanig te wees aan haar man. Die leerder as kinders moet aangemoedig word deur die onderwys om skool te gaan; om gehoorsaam, onderdanig en respekvol te wees.

1.1.2 Waardes: getrouheid; pligsgetrouheid; gehoorsaamheid; 'n man van een vrou en 'n vrou van een man; samewerking, onderdanigheid, lojaliteit; diensbaarheid.

#### **1.2 Die rol van die leerder uit die Griekwa-gemeenskap as staatsburger**

1.2.1 Die leerders moet die geskiedenis van die land en landswette te leer ken. Hulle moet kennis hê oor wat om te doen om sy brood te verdien. Hulle moet opgelei word hoe om geld te bestee.

1.2.2 Die waardes wat genoem is, sluit die volgende in: onderdanigheid; moet sy leiers ken; moet deelneem aan volkskonferensies en trots wees op sy herkoms.

### **1.3 Die rol van die Griekwa-leerder as beroepsbeoefenaar**

- 1.3.1 Die leerders moet opleiding ontvang in ander vakke soos wetenskap en tegnologie. Hulle moet opgelei word om altyd bereid te wees om die werk te doen; hoe om arbeidsgewillig en diensbaar te wees.
- 1.3.2 Die volgende waardes word beklemtoon: belangrikheid van verskillende beroepsrigtings; produktiwiteit en hardwerkendheid; gekwalifiseer wees vir 'n beroep; gehoorsaam; diensbaar; getrou.

### **1.4 Die rol van die Griekwa-leerder as lid van 'n geloofsgroepering**

- 1.4.1 Die leerders moet Godsdienst- en Bybelonderrig kry. Hulle moet geleer word om deel te neem aan die gemeenskap van die gelowiges, en Godvresend te wees. Hulle moet betrokke wees en getuie is lewer. Hulle moet opgelei word om diensbaar te wees.
- 1.4.2 Waardes: prysing en getuie is lewering; vrylik oor sy geloof getuig; uitoefening van geloof; hulpvaardigheid; getrouheid; trots.

### **1.5 Die rol van die Griekwa-leerder as lid van verskillende verenigings en belangegroepe in die gemeenskap**

- 1.5.1 Leerders moet geleer word in gesondheid (b.v. HIV) en natuurbewaring. Die Griekwa-taal moet geleer word in die onderwys. Hulle moet opgelei word om diensbaar te wees; hulp te verleen en uitvoering te gee.
- 1.5.2 Die waardes wat genoem is, is bereidwilligheid; getrouheid; kommunikasie; diensbaarheid en betrokkenheid; natuurbewaring.

### **1.6 Die rol van die Griekwa-leerder as vryetydsbesteder**

- 1.6.1 Die leerder moet opvoeding kry ten opsigte van sport en ontspanning. Hulle moet bemaagtig word om in hul volksorganisasies belang te stel; bidure by te woon; en boeke te lees. Hulle moet opgelei word dat hulle buitemuurse aktiwiteite nie aantoot gee aan hul gemeenskap nie. Die leerder moet aangemoedig word om enige taak wat verrig word, te geniet.

1.6.2 Waardes: Die leerders moet sport geniet en nie net om dit af te handel nie; bereidwillig om deel te neem; aanleer van inheemse volke se gewoontes; verantwoordelikheid.

## **1.7 Die rol van die Griekwa-leerder as self-aktualiserende individu**

1.7.1 Die leerder moet aangemoedig word om hul vermoëns te ontwikkel; om te besef dat hy uniek is en dat sy potensiaal ontwikkel moet word. Hulle moet geleer word om in hulself te glo en bereidwillig wees om te leer. Die leerder moet opgelei word om trots te wees as 'n Griekwa en sy plek vol te staan in die verskeie gemeenskappe.

1.7.2 Waardes: doelwitstelling en -bereiking; gebruik van Griekwa-taal, -tradisie en die uitleef daarvan; samewerking; respek aan ander asook hul uniekheid; doelgerig wees.

## **2 DIE ROL VAN DIE ONDERWYSINRIGTINGS**

### **2.1 Die onderwysinrigting is die samekoms van onderriggewers en leerders**

Die onderriggewers moet onderwyskursusse voltooi het en goed geleerd wees sodat die leerder nie mislei kan word nie. Geleerde onderriggewers sal omstandighede skep vir ontwikkeling sodat hulle 'n goeie gemeenskap kan oplei en onderrig. Dit sal die nakoming van hul verantwoordelikheid steun. Dit sal ook goeie onderrig verseker.

### **2.2 Doeltreffende onderwys is afhanklik van relevante kurrikula en sillabusse**

Kurrikula en sillabusse moet van hoë standaard wees en aan goeie kwaliteit voldoen. Kurrikula en sillabusse moet 'n deurslag gee en deursigtig wees om die standaard van die onderwys te verhoog en gehalte-onderwys te kry. Die Griekwa-taal moet onderrig word asook inheemse kennis om die status van die Griekwas te verhoog. Wetenskap en tegnologie en plaaslike ekonomie moet geleer word.

### **2.3 Die onderwys word deur middel van 'n taal voorsien**

Die Griekwa-taal moet die taal van die onderwys word en moet ontwikkel word. Ander tale soos Engels en Afrikaans kan ook geleer word. Leerders moet kies. Die taal van die Griekwas sal sodoende gevestig kan word want dit het sy status verloor en was onderdruk.

### **2.4 Doeltreffende onderwys benodig geskikte onderwysgeriewe**

Die geriewe moet aan dieselfde vereistes van die huidige staatsondersteunde skole voldoen. Sportgeriewe en rekenaars word benodig in skole vir goeie onderwys.

### **2.5 Doeltreffende onderwys is afhanklik van doeltreffende onderwysbestuur en –administrasie**

Die gemeenskap en die Staat moet betrokke wees in die onderwys van die leerders. Om dissipline te handhaaf, moet die leerder opgelei word om gehoorsaam en werksaam wees. Dissipline moet toegepas word. Die skole kan produktief wees as dissipline gevestig is.

## **3 ONDERWYSVOORSIENING AAN MINDERHEIDSGROEPE IN SUID-AFRIKA**

Die meeste lede van die groep voel dat die Griekwa 'n minderheidsgroep is maar dat hulle tradisie en leefwyse kan bly voortleef. Die ander stem as gevolg van die rasseklassifikasie nie saam nie.

# **FOKUSGROEP 8**

## **ONDERWYSBEHOEFTE VAN DIE GRIEKWA-GEMEENSKAP**

Verteenwoordigers van Griekwa-jeug

Datum: 21 Maart 2000

Plek: Daniëlskuil

Vergaderplek: Daniëlskuil-saal

Aantal groeplede: 11

Geslag: Mans: 3

Vroue: 8

Tyd: 11:30

### **1 DIE FOKUS VAN DIE ONDERWYS**

#### **1.1 Die rol van die leerder as lid van 'n familie in die Griekwa-gemeenskap**

1.1.1 Die seun as toekomstige vader moet opgelei word om sy gesin 'n dak oor hulle koppe te gee. Hy moet akademiese opleiding kry sodat hy die familie kan versorg. Die dogter as toekomstige moeder moet opgelei word om na die kinders om te sien en aan hulle die nodige te voorsien. Sy moet ook akademiese opleiding kry. Die leerders as kinders moet geleer word om gehoorsaam en onderdanig te wees.

1.1.2 Die waardes waat beklemtoon is, is: die noodsaaklikheid van skoolopleiding; onderdanigheid; pligsgetrouheid en gehoorsaamheid.

#### **1.2 Die rol van die leerder uit die Griekwa-gemeenskap as staatsburger**

1.2.1 Die leerder moet akademies en tegnies-wetenskaplik toegerus word. Die leerders moet ook opgelei word om hofflik, diensbaar en bereidwillig te wees.

1.2.2 Die waardes het die volgende sake sterk benadruk: getrouheid; pligsbesef; en diensbaarheid.

### **1.3 Die rol van die Griekwa-leerder as beroepsbeoefenaar**

- 1.3.1 Die leerders moet toegerus word deur die onderwys om betroubaar, bereidwillig en diensbaar te wees. Die leerders moet ook akademiese opvoeding kry.
- 1.3.2 Waardes: identifisering van beroepe en akademiese opvoeding; produktiewe deelneming; wil om te werk; pligsgetrouheid.

### **1.4 Die rol van die Griekwa-leerder as lid van 'n geloofsgroepering**

- 1.4.1 Die Griekwa-kindere moet deur die onderwys bemaagtig word in die volgende aspekte van die lewe: hulle moet betroubaar en betrokke wees; die algemene opvoeding moet gebaseer word op genade-godsdienste.
- 1.4.2 Waardes: respek vir Christendom; eerlikheid; betroubaarheid; trots; diensbaarheid.

### **1.5 Die rol van die Griekwa-leerder as lid van verskillende verenigings en belangegroepe in die gemeenskap**

- 1.5.1 Dit word verwag van die onderwys om die Griekwa-leerder toe te rus met kennis om betroubaar, bereidwillig, diensbaar en hulpvaardig te wees. Die Griekwa-leerder moet ook opvoeding ontvang in tradisionele en kulturele aspekte.
- 1.5.2 Die waardes wat beklemtoon is, is die volgende: benutting; gemeenskapsdiens; betroubaarheid; bereidwilligheid; diensbaarheid en hulpvaardigheid.

### **1.6 Die rol van die Griekwa-leerder as vrytydsbesteder**

- 1.6.1 Die groep voel dat die onderrig van kunswerk, sport en tegnologie benodig word in hierdie geval. Leerders moet sportstudies as vak ontvang.
- 1.6.2 Waardes: sportbeoefening, bywoning, deelneming en benutting

## **1.7 Die rol van die Griekwa-leerder as self-aktualiserende individu**

1.7.1 Die onderwys moet die leerder hulp om homself te ontdek. Die leerder moet beroepsgerig wees.

1.7.2 Waardes: intensiewe opleiding; kommunikasie; selfontdekking en prestasie.

## **2 DIE ROL VAN ONDERWYSINRIGTINGS**

### **2.1 Die onderwysinrigting is die samekoms van onderriggewers en leerders**

Die onderriggewers moet hoë kwalifikasies hê om die gehalte van onderwys te verhoog. Die onderriggewers moet ook die kulturele agtergrond van die leerders ken, dan sal daar samewerking wees tussen die leerders en die onderriggewers.

### **2.2 Doeltreffende onderwys is afhanklik van relevante kurrikula en sillabusse**

Die kurrikula en sillabusse moet van hoë gehalte en standaard wees. Leerders moet onderrig ontvang in vakke soos wetenskap en tegnologie, bestuursfunksies en munisipale sake. Die doel is om vir Griekwa-leerders gehalte-onderwys te kry.

### **2.3 Onderwys word deur middel van 'n taal voorsien**

Die groep voel die Griekwa-taal moet die taal van die onderwys wees omdat dié taal vir baie jare onderdruk was. Ander tale soos Afrikaans en Engels kan ook geleer word maar leerders moet kies watter taal hulle vir 'n tweede taal wil hê.

### **2.4 Doeltreffende onderwys benodig geskikte onderwysgeriewe**

Geriewe van hoë standaard moet beskikbaar wees om die standaard van die onderwys te verhoog. Swembaddens, sportterreine en geboue moet ook beskikbaar wees.

### **2.5 Doeltreffende onderwys is afhanklik van doeltreffende onderwysbestuur en –administrasie**

Alle rolspelers moet saamwerk, dit wil sê die Staat, die gemeenskap/ouers, die leerders en die onderriggewers. Die Staat moet die onderwys finansiëel ondersteun;

die leerder moet leer en die onderriggewers moet die leerders leer. Dissipline moet deur die gemeenskap voorgestel wees sodat dissipline weer in die skole gevestig kan word.

### **3 ONDERWYSVOORSIENING AAN MINDERHEIDSGROEPE IN SUID-AFRIKA**

Party lede van die groep stem saam dat die Griekwas 'n minderheidsgroep is soos deur die breë Suid-Afrika gemeenskap gesien. Party sê nee, want die Griekwas is een van die eerste inheemse bewoners van Suid-Afrika.


## **APPENDIX 6**

### **CONFIRMATION OF FOCUS GROUPS' REPORTS BY FOCUS GROUP LEADERS**

# ADAM KOK V

Kantoor en Koninklike Huis / Office and Royal House

Posbus/PO. Box 1804  
Mberley  
00  
Tel: (053) 871-2731  
Faks: 082 363 0083  
Tele: (053) \_\_\_\_\_



Posbus/PO. Box 12  
Campbell  
8360  
Tel: (053) 298-9014  
(053) 908-9003  
Telefax: 082 355 2987

## Koninkryk van die Khoisan / Kingdom of the Khoisan

Verw.:  
Ref.:

5 September 2000

Aandag: Mnr D Mochwaneasi  
Taung Opleidingskollege  
TAUNG  
Noord-Wes Provinsie

Beste Desmond

**ONDERWYSBEHOEFTE  
NAVORSING: GRIEKWA GEMEENSAPPE**

Die alomvattende opsomming van navorsing en studie in ons gemeenskap, woonagtig te Prieska, Douglas, Daniëlskuil en Campbell, is baie doeltreffend en op die man af.

Wat ons behandel het was opgeneem in u verslae en ons is heeltemal tevrede met u werk en navorsing onder ons gemeenskap.

Ons Leiers, mnre Bosman, Jaftha en Sy Eksellensie Koning Adam Kok V en ekself, spreek ons opregte waardering en dank uit dat u ons gemeenskap dekies het om u "thesis" op te doen.

Vriendelik die uwe

A handwritten signature in black ink, enclosed within a hand-drawn oval. The signature appears to be 'B.C. van Staden'.

B.C. van Staden